PINZGAUER & PINZ²YL GENOOTSKAP/SOCIETY

Nuusbrief / Newsletter

Volume 1 / Issue 1 **Februarie / February 2015**

CHENACO PINZGAUER STOET

Henk en Amanda Els het op 10 Februarie 2015 'n draai kom maak hier op Mooketsi en ons het sommer die geleentheid gebruik om vinnig te gesels. Eerstens moet ons baie geluk sê aan Henk en Amanda wat op 9 Januarie 2015 Oupa en Ouma geword het van klein Wian. Mag hy vir julle nog baie jare se vreugde en geluk bring.

Q: Waar kom die naam van jul stoet vandaan?

A: Die naam van hul stoet, Chenaco Pinzgauers stoet, is 'n samestelling van hul 3 kinders se name: Chenai, Nadia en Henco.

Q: Hoekom Pinzgauers?

A: Dis hul liefde vir die plaas en diere, wat hulle laat besluit het om beeste aan te koop en dit was 'n persoonlike keuse wat hul laat besluit het op die Pinzgauer ras. Die Pinzgauer was die mooiste vir Henk.



Henk werk in Saudi Arabië en is net 3 keer 'n jaar, by die huis. Amanda is gelukkig dan nie alleen nie, Katarina, 'n Napoliaanse Bull Mastiff van omtent 'n jaar oud, is dan haar oppasser!

Chenaco Pinzgauers stoet, is 'n samestelling van hul 3 kinders se name: Chenai, Nadia en Henco.."

GELUKWENSING



Dave Henderson (MADODA PINZ²YL STOET), se dogter, Bernalee, het in die huwelik getree op 14 Februarie 2015! Baie geluk aan haar en die hele familie met die spesiale geleentheid. Ons is trots op jou Dave!

VISITS

Dr. Peters Mathebula from KHOMA PINZ²YL STUD and his mother, Mrs. Monyane Mathebula form MONYANE PINZ²YL STUD, came to Mooketsi to view their Cattle on the 12 of February 2015. We hope they enjoyed their day. To Mrs. Mathebula we want to say welcome to the Society as she is a newcomer to the PinZ²yl family and we were surprised by their enthusiasm.

NUWE AANSTELLINGS



Eben Combrink en sy vrou, Heidi, is van Carolina. Hy is aangestel as die nuwe bestuurder van die Pinzgauer Mentorskapkuddes hier by Grootboom, Mooketsi op die 1ste Desember 2014. Eben en sy vrou is die 29 November 2014 getroud! Baie geluk en mag julle baie gelukkig hier in Mooketsi wees.

NEW NEWS / NUWE NUUS

Andries Chidi, the new owner of MOKGETHAWA PINZGAUER STUD. Mr. Chidi is a business man from Kempton Park. Welcome to the Pinzgauer and PinZ²yl Breeders Society, we trust that you wil be very happy with your new Stud.

……

Baie geluk aan Stephanus Potgieter (DAL AGOR PINZ²YL STOET), met die aankoop van die bul Adam en 19 uitstaande koeie! Ons wens u alle sukses toe met u kudde. Hierdie toevoeging tot die bestaande Dal Agor kudde beteken dat Stephanus nou toegetree het tot die top liga van die PinZ²yl bedryf.

……..

Michelle and Johan Klopper (JMK PINZGAUER STUD), immigrated to England! We want to wish you good luck and all of the best with your new endeavors. Keep in touch through Facebook and the webpage, distance is no problem anymore.

Baie geluk aan David Marx (MARX PINZ²YL STOET), Pieter Kohrs (KOHRS PINZ²YL STOET) en Johannes Grobler (HOUTBOS PINZ²YL STOET) met die stigting van die MAHOKO STUDIEGROEP op die 14de Januarie 2015. Voorwaar 'n prestasie en mag dit die begin wees van nog vele meer studiegroep stigtings.

VERJAARSDAE / BIRTHDAYS

Namens die Genootskap wil ons ook net vir Paul Bester (President van die Pinzgauer en PinZ²yl Genootskap) geluk wens met sy Verjaarsdag op die 18de Februarie! Mag hierdie jaar 'n baie voorspoedige jaar wees met baie sukses en seëninge.

IMPORTANT DATES / BELANGRIKE DATUMS

- Vleissentraal - SA Stambook Elite Bulgroeitoetsklas / Vleissentraal – SA Stud Book Bull Growth Test competition 28 April 2015
- Bloemfontein Skou / Show - 23 April - 2 Mei/May 2015
- Nampo - 12-15 Mei/May 2015
- Royal Skou / Show - 29 Mei/May - 7 Junie/June 2015
- Jacaranda Skou / Show - 26-29 Augustus / August 2015
- Agri Mega - 16-19 September 2015
- Veeplaas Tour to Australia April 2015
  We would like to invite your breeders to join us on a tour to Australia to the Beef Expo 2015 in Rockhampton.
  For more information please contact
  HESTIE CROUS
  Tel + 27 (0) 56 2127047 Mobile +27 (0) 8244 77718
  E mail: hestiecb@mweb.co.za
- Pinzgauer Executive Meeting in Italy – 24 August – 2 September 2015
  Booking:
  Booking up to the end of February 2015 at the office of the ARGE Pinzgauer
  Christina Sendlhofer Tel: 0043 (0)6542 6822815
  Mathias Kinberger Tel: 0043 (0)664 2209208
  Mathias Kinberger [mailto:m.kinberger@pinzgauerrind.at]
  Please contact Sonja Wasserman © 2014 Pinzgauer and PinZ²yl Cattle Breeders' Society of SA by SA Stud Book Phone: 051 410 0900 and Email: sonja@studbook.co.za